

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2018**

**RELIGIESTUDIES V1**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A: VERPLIGTEND  
AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.
7. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde vir die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 Die Tao kan as die ... beskryf word.

- A aarde
- B pad van die heelal
- C siklus van die lewe
- D Hiernamaals (1)

1.1.2 Die stigter van Boeddhisme was ...

- A Siddhartha Gautama.
- B Bahá'u'lláh.
- C die Dalai Lama.
- D Vajrayana. (1)

1.1.3 Watter EEN van die volgende is 'n verduideliking van politeïsme?

- A Leerstelling/doktrine wat twee onafhanklike beginsels erken
- B Die geloof dat God alles en alles is God
- C Die geloof in of aanbidding van een God
- D Geloof in of aanbidding van die bestaan van baie gode (1)

1.1.4 Konserwatiewe Judaïsme ...

- A glo dat God die hele Tora aan die Jode gegee het.
- B aanvaar dat die Tora oor verloop van tyd deur mense geskryf was.
- C probeer om die invloed van die moderne lewe te vermy.
- D glo dat die Tora van God afkomstig is deur die bemiddeling van die idees van mense. (1)

1.1.5 Die Bahá'i-geloof het in ... ontstaan.

- A Irak
- B Iran
- C China
- D Saoedi-Arabië (1)

1.1.6 Die Hadith is ...

- A 'n versameling leringe van die Profeet Mohammed.
- B verpligte leringe in die Koran.
- C boeke met mites.
- D rekords van Islamitiese geskiedenis (1)

1.1.7 Die Pali Kanon verwys na die heilige literatuur/geskrifte van ...

- A Judaïsme.
- B die Bahá'i-geloof.
- C Boeddhisme
- D die Christelike godsdiens. (1)

1.1.8 'n Dogma, in die konteks van godsdiens, is ...

- A 'n leuen of versinsel.
- B onderrig met absolute gesag,
- C 'n heilige teks/skrif.
- D 'n bespreking van geestelike waarhede deur 'n storie. (1)

1.1.9 Afrika Tradisionele Godsdiens kan as ... beskryf word.

- A Shoghi Effendi
- B inheems
- C Theravada
- D Mahabharata (1)

1.10 EEN van die hoofsakramente van die Katolieke geloof is die ...

- A Eukarist/Eucharistie.
- B Judaïsme..
- C Bodhisattva.
- D Bahá'u'lláh. (1)

1.2 Beantwoord die volgende vrae.

1.2.1 Gee EEN term wat die godsdienste wat in een God glo, beskryf. (2)

1.2.2 Verduidelik die begrip *sinkretisme*. (2)

1.2.3 Vergelyk die verskille tussen *karma* en *nirvana*. (2)

1.2.4 Volgens Taoïsme bestaan alles uit twee magte, naamlik die ... en ... (2)

1.2.5 Die politieke gesag van die Rooms-Katolieke kerk is in ... (2)

- 1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1 –1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.
- 1.3.1 Die Opperwese in Afrika Tradisionele Godsdiens word Hajj genoem. (2)
- 1.3.2 Voorvaders word in Taoïsme vereer. (2)
- 1.3.3 Die ideaal in Theravada Boeddhisme is vir die individu om 'n lewe van meditasie te leef om sodoende gereïnkarneer te word. (2)
- 1.3.4 Boeddhisme het geen begrip van 'n Opperwese nie. (2)
- 1.3.5 'Paternaal' beteken om aan moederskant van die familie verwant te wees. (2)
- 1.4 In die konteks van godsdiens, verduidelik ELK van die volgende konsepte:
- 1.4.1 Eendersheid (2)
- 1.4.2 Ekumenisme (2)
- 1.4.3 Eenheid (2)
- 1.4.4 Vergelykbaarheid (2)
- 1.4.5 Halaal (2)
- 1.5 Kies die woord in elkeen van die groep woorde hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.5.1 Moses, Abraham, Jesus, Dawid (2)
- 1.5.2 Brahma, Vishnu, Bahá'u'lláh, Shiva (2)
- 1.5.3 Taoïsme, kapitalisme, ateïsme, Marxisme (2)
- 1.5.4 Isangoma, Inyanga, Moses, klei-poort (2)
- 1.5.5 Jehova, Allah, Jesus, Induna (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 2**

- 2.1 In die konteks van godsdiens, verduidelik ELK van die volgende konsepte:
- 2.1.1 Mite (4)
  - 2.1.2 Geloof (4)
  - 2.1.3 Dogma (4)
  - 2.1.4 Uniekheid (4)
  - 2.1.5 Doktrine (4)
- 2.2 Bespreek die doel van die volgende godsdienste onder die aard van goddelikheid:
- 2.2.1 Christelike godsdiens (10)
  - 2.2.2 Afrika-filosofie is sentraal in Afrika Tradisionele Godsdiens. Brei uit op hierdie stelling. (10)
- 2.3 Beskryf VYF algemene oortuigings wat deur die Abrahamitiese godsdienste gedeel word. (10)
- [50]**

**VRAAG 3**

Lees die gedeelte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Alle vorme van media (elektronies) en gedrukte media, asook sosiale media soos Twitter, YouTube, ensovoorts), verskaf inligting aan mense oor gebeure dwarsoor die wêreld terwyl dit gebeur.

Al probeer hulle hoe hard om objektief te wees, kommunikeer hulle 'n sekere standpunt wanneer hulle nuus oordra.

Verder kan veral sosiale media maklik deur gewetenlose mense gebruik word om intergodsdienstige konflik te skep.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies Graad 12*]

- 3.1 Bespreek EEN voorbeeld van hoe die gebruik van sosiale media tot intergodsdienstige konflik kan lei. (12)
- 3.2 Noem VIER strategieë om sodanige misbruik van sosiale media te voorkom. (8)
- 3.3 Bespreek VYF strategieë wat die media gebruik om opinies in die openbare domein te beïnvloed. (10)
- 3.4 Gee voorbeelde uit die media om jou antwoord op VRAAG 3.3 te ondersteun. (20)
- [50]**

**VRAAG 4**

- 4.1 Vergelyk demokratiese Suid Afrika se siening oor godsdiensvryheid met die benadering wat gedurende die apartheids-era gevolg is. (18)
- 4.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Sonder godsdiens sou die samelewing erger gewees het. Regdeur die geskiedenis het godsdiens ons leiding gegee oor hoe om mekaar met waardigheid te behandel. Die probleem is dat mense die oorspronklike leringe verdraai.

[Bron: *Shuters Top Claas Religion Studies Grade 12*]

- Noem VIER leringe uit enige TWEE godsdienste wat menseregte bevorder. (12)
- 4.3 Verduidelik die term *godsdiensvryheid*. (10)
- 4.4 Verduidelik hoe godsdienstige verdraagsaamheid in enige EEN godsdiens bevorder kan word. (10)
- [50]**



**VRAAG 5**

- 5.1 Drie organisasies is gestig om goeie verhoudings tussen verskillende godsdienste in Afrika te probeer ontwikkel. Bespreek hul funksies in Afrika.
- 5.1.1 Die Program vir Christen-Moslem verhoudinge in Afrika ('The Programme for Christian-Muslim Relations in Africa') (PROCMURA) (10)
- 5.1.2 Die Intergeloofsaksie vir Vrede in Afrika ('The Interfaith Action for Peace in Africa') (IFAPA) (10)
- 5.1.3 Die Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika ('The African Council of Religious Leaders') (ACRL) (10)
- 5.2 Bespreek die rol van intergodsdienstige samewerking in die volgende gevalle:
- 5.2.1 MIV en Vigs (4)
- 5.2.2 Antipornografie-optog (4)
- 5.2.3 Noodlyn ('Lifeline') (4)
- 5.2.4 Openbarevakansiedag-feesvieringe (4)
- 5.2.5 Multigeloofsdienste (4)
- [50]**
- TOTAAL AFDELING B: 100**  
**GROOTTOTAAL: 150**

